**VRYDAG 24 JULIE**

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 16:19-31**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 16:29-31**

## Lasarus sê: "God help – deur sy Woord"

'n Ryk man beland in die doderyk en 'n arm man gaan na die hemel. Vir baie mense is dit die inhoud én die boodskap van hierdie gelykenis – maar hoe arm is ons verklaring dan nie. Hierdie gelykenis handel nie oor arm en ryk nie, maar oor wat ons met God se Woord *doen*.

Van die ryk man se lewe weet ons nie veel nie. As vriend van die Fariseërs het hy sekerlik die Bybel geken. Hy het geweet hoe om volgens die Wet God en sy naaste lief te hê. Alhoewel sy oorvloed die indruk skep dat hy deur God geseën word, wys sy lewe dat Hy nie 'n lewende verhouding met God gehad het nie. Al gee die Here al die middele (in rykdom) en 'n geleentheid (in Lasarus voor sy deur), leef hy net vir homself.

Sy verskoning toe hy in die plek van pyniging beland: "… as iemand uit die dood na hulle toe gaan, sal hulle hul bekeer." Volgens hom was die Bybel nie genoeg nie. As hy wonders kon sien en tekens kon kry, sou hy geglo het en reg kon lewe. Hoe blind hou hy homself nie! As ons nie *wil* hoor nie, sal selfs 'n wonderwerk ons nooit laat glo nie. Die ander Lasarus (Joh. 11) se terugkeer uit die dood lei immers nie net tot geloof nie, maar gee ook aanleiding tot Christus se kruisiging (Joh. 11:53)! Selfs toe Jesus uit die dood opstaan, wou die Joodse leiers nog steeds nie in Hom glo nie.

Vir Lasarus was die Woord egter genoeg om die Here te leer ken en tot met sy dood aan Hom vas te hou. Lasarus (wie se naam beteken: God help) bly op die Here wag. Al lyk dit in sy ellende en siekte of selfs God hom verlaat het, hou Lasarus vas aan God se beloftes in sy Woord dat Hy sy kinders help. In Christus neem God tog ons grootste armoede, siekte en ellende weg, wanneer Hy die sonde en die gevolg daarvan oorwin en só vir ons 'n ewige lewe met Hom gee.

Soek ons ook nog eers 'n wonderwerk voordat ons werklik die Woord glo en daarvolgens lewe? Mag die Heilige Gees ons lei om die Bybel te erken en gehoorsaam as God se Woord wat genoegsaam is. Mag ons Christus daarin leer ken as ons enigste Verlosser en werklik dankbaar leef vir sy genade.

*Sing: Psalm 40:4, 5 (1936)*
*Ds. PR (Retief) Gouws (Pietersburg-Suid)*